**Mans Wit Sakdoeke 1/- elk**
word vir die komende twee weke nie gerantsoeneer nie.
Kom kyk en oortuig uself
**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH

DIE

# Matie

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL III, No. 21. VRYDAG, 27 AUGUSTUS 1943. PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU [illegible] Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELL.
UNIVERSITY LIBRARY.

## Afrikaner-Strewe op U.K.O.V.S In Gevaar!

### Waar Staan Stellenbosch?

Soos elke volk sy eie inrigting het waar hy voorsiening maak vir die geestelike skoling van sy jeug in sy eie moedertaal in 'n atmosfeer waar hulle 'n nasionale geestelike tuiste vind, so het die Afrikanervolksdeel van die Vrystaat ook sy eie volksinrigting. Die U.K.V.O.S. wat die bakermat van die Afrikaner geestelike skoling in die Vrystaat is, is dan ook gestig om die Vrystaatse volksjeug, wat oorweldigend suiwer Afrikaans is, in sy eie moedertaal—die taal van die volksiel — te onderrig. Onnodig om te noem dat die jeug wat die onderrig moet ontvang, op min uitsonderings na, almal Afrikaanssprekend is en die personeel ook Afrikaanssprekend. Ten spyte hiervan egter moet dit juis in hierdie suiwer Afrikaanse inrigting wees wat die regering die Afrikaner dwing om in 'n volksvreemde taal — Engels — net soveel onderrig te ontvang as in sy eie taal. Dit het gebeur deurdat dr. J. C. Pretorius, 'n getroue voorstander van die Afrikanerrigting wat dertig jaar lank lid van die U.K.O.V.S.-Raad was, nou heeltemal negeer is en prof. S. P. Barnard in sy plek aangestel is. Die reglemente van die U.K.O.V.S. maak voorsiening vir die aanstelling van 'n aantal lede van die Raad deur die Minister van Onderwys.

Hierdie aanstelling van die Minister bring mee dat die voorstanders van die 50-50 taalmedium nou 'n meerderheid van drie op die raad het teenoor 'n meerderheid van een wat hulle voorheen gehad het.

#### STUDENTE PROTESTEER

Op 'n monstervergadering wat dadelik belê is, is die volgende mosie eenparig aangeneem:

„Die U.K.O.V.S. is die Vrystaat se inrigting. Die Vrystaat is feitlik uitsluitend 'n Afrikaanse provinsie. Uit hoofde hiervan rig die studentemassa van die U.K.O.V.S. 'n beleefde dog dringende versoek aan die raad om voortaan die U.K.O.V.S. in 'n definitiewe Afrikaanse rigting te stuur."

Die volgende deel van die mosies met slegs ses teenstemme aangeneem. Dit lui as volg:

„Die studente spreek ook hul dank en waardering uit teenoor dr. J. C. Pretorius wat langer as dertig jaar sitting gehad het in die Raad van die U.K.O.V.S. en groot dienste aan ons inrigting bewys het. Die studente betreur die feit dat dr. Pretorius nie weer deur die Minister van Onderwys aangestel is nie."

#### DIE SINODALE KOMMISSIE

Ten spyte van hierdie eenparige versoek van die studente is op voorstel van prof. Barnard wat so pas aangestel is, besluit om die 50-50 beleid van nou af aan toe te pas. Toe hierdie besluit bekend gemaak is het die Sinodale Kommissie vir opvoeding en onderwys van die N.G. Kerk in die O.V.S. dadelik reageer met 'n besluit om alle morele en finansiële steun van die N.G. Kerk aan die U.K.-O.V.S. te staak vanaf die begin van 1944 tot tyd en wyl 'n deur-en-deur Afrikaanse beleid aan die U.K.O.V.S. vasgelê en verseker is.

Ook die Nasionale Jeugbond het

(Vervolg op bls. 4, kol 3)

### A.N.S. se STEUN aan U.K.O.V.S.-Studente

Die Afrikaans-Nasionale Studentebond sê by vernuwing sy volle steun toe aan die studentegemeenskap van die U.K.V.O.S. in hul stryd vir die volledige verafrikaansing van hul kollege, wat deur die jongste besluit van die Kollege-Raad om terug te keer tot 'n gedwonge 50-50-beleid, 'n ongelukkige wending geneem het.

Hierdie stryd van ons mede-studente aan die U.K.O.V.S. — die enigste universitêre inrigting van die mees Afrikaanse deel van ons land — is die stryd van die A.N.S., wat juis tot stand gekom het om die Christelik-nasionale rigting in ons hoër onderwys te versterk en te bevorder. Omdat ons nog steeds besef het dat slegs deur as magtige studente-eenheid in hierdie stryd op te tree, ons die oorwinning vir die C.N. rigting in die hoër onderwys volkome kan behaal, sluit die A.N.S. na aanleiding van hierdie gebeurtenis opnuut sy geledere as beweging wat die studentedom van ons volk op C.N. grondslag saambind en verteenwoordig. Die studente-unie van die U.K.V.O.S. kan dus binne die organiese volks- en studente-eenheid staatmaak op die daadwerklike ondersteuning van die A.N.S. oor die land heen.

W. A. JOUBERT,
Leier.

Stellenbosch.
23 Aug. 1943.

## AFRIKANER-JEUG STAAN SAAM!

### Daar Is Nie Tyd Vir Twyfel Nie!

**OPROEP VAN PLAASLIKE O.B.-STUDENTE-KOMDT.**

**Wat gaan die uitslag van die huidige oorlog wees? Wat gaan die effek daarvan op die Afrikaner wees? Wie sal daardie vrugte moet pluk? Waarom spekuleer oor dié vrae terwyl die nugtere werklikhede helder voor ons staan! Daar kan geen twyfel bestaan dat dit die jeug van die wêreld, en die jeug van ons eie land sal wees wat die erfenis sal moet ontvang nie. Daardie jeug sal die laste moet dra, die vrugte moet pluk van die kortsigtigheid, die jaloesie, die haat van die ouer geslag. En die Afrikanerjeug se posisie in die wêreldfiasko?**

#### ONS VOLK VAN BATE BEROOF

Die geskiedenis het dusver gedurigdeur die Afrikaner beroof van dit wat sy eie moes wees. Ons voorvaders het getrek vir hul vryheid, geveg vir hul selfbehoud, gely terwille van die nageslag. En in plaas daarvan dat die Afrikanerjeug van vandag die trotse besitters is van daardie rykdom van hulle wat daarvoor gely het, het die geskiedenis dié erfenisse geplaas in die hande van uitlanders. Die imperiale magte het deur die onregverdige oorwinning in die Tweede Vryheidsoorlog ons volk beroof van sy eie grondgebied, van sy vryheid. Maar dit was geensins al nie. *Die magte van die kapitalisme is hierdeur ook in staat gestel om ons volk te beroof van sy groot ekonomiese bates, van sy bestaansmoontlikhede op sy eie grondgebied: Vryheid en Bestaansreg op eie bodem; albei regmatige erfregte van die Afrikaner.*

Die Eerste Wêreldoorlog volg (1914 — 18). Die reperkussies veral van ekonomiese aard laat hul baie sterk in Suid-Afrika voel. Weereens ly die Afrikaner die swaarste. Die wapenstilstand van 19 jaar dui die tydperk aan van die geboorte van die jeug, die jong, lewenskragtige element van ons volk. Dit was 'n tydperk van gedurige ekonomiese nood en stryd vir die Afrikaner. Maar hierdie „skynvrede word beeindig deur die Tweede Wêreldoorlog wat nou nog die hele Europa in sy wurggreep het, wat stadig maar seker sy greep ook nouer knel om ons eie land. Ons mag miskien nie soveel aan lewens offer nie, maar daardie knellende bande van ekonomiese depressie kan ons nie vryspring nie. En aan wie sal daardie wrange erfenis oorhandig word? Aan daardie selfde uitlanders aan wie die regmatige erfregte van Vryheid en Bestaan van die Afrikanerjeug vroeër ten prooi geval het? Nee, nou sal die Afrikaner dit weer moet dra, die uitlander sal geen belang stel in die verkryging van dié erfenis van sy „eie vadere" nie.

#### EN NOU?

Watter vooruitsigte bestaan daar nou vir ons as die jeug van ons volk? Wat kan ons doen in dié toestand waaronder vreemdelinge al die kapitaalbronne van ons land beheer, waar vreemdeling werkgewer is, ons die werknemer? 'n Treffende en veelseggende voorbeeld van die huidige posisie blyk uit die volgende aanhaling uit „Die Burger" (23 deser): „Die regering het uitdruklik bepaal dat geen volwassene, behalwe persone wat tydens die huidige oorlog in die leër gedien het, in diens geneem sal word voordat van die Departement van Arbeid verneem is dat daar geen behoorlik gekwalifiseerde oudsoldaat beskikbaar is nie."

Wat dan van ons jong Afrikanerstudente wat nou besig is om ons vir die lewe toe te rus en wat voel dat daar vir ons geen volksdiens skuil in die aansluiting by die leër nie? Sal ons uitgeskakel wees? Nee, dit is nie nodig nie! Maar dan moet ons as enigste uitweg beskou, *ons moet ons heil self uitwerk!* Ons leuse, ons slagspreuk moet wees: *Eenheid! Saamstaan! Diens!*

#### EENHEID TOT KRAG

Dit is baie duidelik „dat behalwe vir sommige beskermde beroepe, soos die van onderwysers of predikante, die toekomstige werksmoontlikhede van die Stellenbosse student in die ingenieurswese, handel, regte, toegepaste wetenskappe, e.d.m. hoofsaaklik afhang van eensydige Afrikaanse ‚politieke' optrede" („Die Matie," 20 deser). Daar bestaan vir die Afrikanerjeug net een uitweg: *Veg en stry vir eie bestaan, en stry saam as 'n eenheid!*

Maar daardie stryd moet nou reeds

(Vervolg op bls. 4, kol. 2)

**BOEKE! BOEKE! BOEKE!**
*In onbeperkte aantalle* *Teen verminderde-, Half- en Weggee-pryse*
Uitverkoping vanaf Maandag, 30 Augustus tot Saterdag, 4 September
*Kom kyk dit deur en bevredig uself*
**C.S.V.-BOEKHANDEL** - - *Pleinstraat* STELLENBOSCH

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,

KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

*Vir die maak van u volgende*

**Paar Sandale**

**Stewels**

**Skoene**

*besoek*

**LUBBE**

*die deskundige skoenmaker en repareerder*

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**

(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat, STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**

Foon 0013.

*Tarzan's New York Adventure.*

Johnny Weissmuller

Maureen O'Sullivan

*Vrydag en Saterdag, 27 en 28 Augustus.*

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**FLORA**

BLOEMIS

Pluikblomme, Ruikers, Kranse, Skouerruikers en Geskenkmandjies.

VAN RYNEVELDSTRAAT, STELLENBOSCH

## DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
REDAKTEUR,
Dagbreek.

Deel III. 27 Aug. 1943. No. 21.

## VERONREGTING VAN AFRIKANERS.

Aan die U.K.O.V.S. is teen die wense en verwagting van die Afrikaners aan daardie opvoedkundige sentrum in, en tewens teen dié van alle Afrikaners wat met belangstelling die Afrikanerstrewe van daardie inrigting gevolg en onderskryf het, dr. Pretorius nie herbenoem tot lid van die Raad van die U.K.O.V.S. nie — en dit nieteenstaande die feit dat hy oor 'n tydperk van dertig jaar as raadslid besondere vrugbare en eervolle dienste gelewer het nie.

Die betreurenswaardige in hierdie gebeurtenis lê egter nie so seer in die feit dat dr. Pretorius nie weer benoem is nie, maar veral daarin dat as gevolg hiervan die U.K.O.V.S. nou deur die optrede van die regering daartoe gedwing is, om afstand te doen van hulle erkende beleid om tot 'n volslae Afrikanerinrigting te ontwikkel.

Hierdie beleid en strewe is ten volle geregverdig omdat die U.K.O.V.S. in die eerste instansie aangewese is om die belange van die Afrikaners van die Vrystaat te behartig, en om in hulle behoeftes te voorsien. Die Vrystaat is immers die mees Afrikaanse van al ons provinsies, en gevolglik is die aangewese weg vir hierdie inrigting vir hoër opvoeding om, ooreenkomstig gesonder onderwysbeginsels, onderrig aan sy studente deur medium van hulle moedertaal te verskaf.

Teen hierdie beginsel in word die Afrikanerstudente van die Vrystaat nou gedwing om in ooreenstemming met die sg. 50-50-beleid, hulle opvoeding gedeeltelik deur medium van Engels te ontvang. En dit geskied onder die voorwendsel dat dit tweetaligheid moet bevorder. Hierdie politiek van diegene in ons land wat konsekwent die strewe en belange van die Afrikaner dwarsboom en beveg, ken ons vandag reeds baie goed — dit is niks anders as huigelagtigheid om dit te doen onder die voorwendsel van 'n strewe om goeie samewerking tussen die twee seksies van ons bevolking te bewerkstellig nie.

Waar dit gaan om die bevordering van tweetaligheid in die land, kan dit seer seker nie die Afrikaansprekende ten laste gelê word dat hy nie sy verpligtinge nagekom het nie. Die Afrikaner het altyd konsekwent in sy enkeltalige inrigtings deeglik voorsiening gemaak vir onderrig in die tweede landstaal en tewens is dit 'n algemeen bekende feit dat die Afrikaanssprekende oor die algemeen beter onderleg is in die tweede taal as die Engelssprekende.

Nee, veel eerder is dit die Engelssprekende wat in gebreke gebly het om Afrikaans magtig te word.

Hierdie sg. bevordering van tweetaligheid kom dus in werklikheid op niks anders neer as dat die Afrikaanssprekende moet boet vir die sondes wat eintlik hoofsaaklik deur die Rooies en Rooigesindes in hierdie land begaan is nie.

Bowendien is hierdie gebeurtenis in die Vrystaat vir ons 'n vingerwysing van wat ons in die toekoms te wagte staan. Hierdie sg. bevordering van tweetaligheid wat blykbaar 'n steeds groter omvang in ons land gaan aanneem, is niks anders as die ou imperialistiese set om die Afrikaner stelselmatig van sy volkseie te vervreem en om van hom 'n halfslagtige, skadelose, baster-Engelsman te maak.

Die ongeluk wat U.K.O.V.S. getref het, het nie net plaaslike betekenis nie. Dit gaan hier ook nie net om 'n betuiging van meegevoel met ons mede-Afrikaners in Bloemfontein nie. Ons beskou dit as 'n ramp wat die ganse Afrikanerdom getref het, en die A.N.S. kan, uit hoofde van sy duidelik verklaarde nasionale beskouinge en strewe, nie anders as om in verset daarteen te kom nie. Ons gaan, so ver dit binne ons vermoë is, ons deel bydra om hierdie wantoestand die hoof te bied.

## BAND TUSSEN NOORDE EN SUIDE VERSTEWIG !

Mnr. D. F. v. d. Merwe,
„Dagbreek,"
Univ. van Stellenbosch.

Geagte Vriend,

Net om u namens ons tak hartlik te bedank vir die gereelde ontvangs van die uitgawe van „Die Matie." *Ons kan u verseker van die band wat daar bestaan tussen u in die Suide en ons in die Noorde en dit word steeds sterker gemaak deur u blad wat ons gereeld lees.* Sover as wat ons gaan prys ons die blad, veral by oud-Maties, aan, en hoop u sal spoedig nog intekenare bykry.

Met opregte bondsgroete en 'n Hou Koers, bly ek
u mede-Afrikaner,
D. S. M. POTGIETER,
Sek. A.N.S.-tak.

„Môreskof,"
Normaalkollege,
Pretoria,
22 Augustus 1943.

# Die Oorlog

## 'N KATEGORIESE IMPERATIEF

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Dit is nie die Kategoriese Imperatief van Koningsbergen se groot filosoof, Immanuel Kant, nie maar 'n kategoriese imperatief van die Kremlin se pragmatikus, Josef Stalin, wat die onderwerp van hierdie kommentaar uitmaak. Dit is by hierdie tyd reeds oorbekend dat Stalin se kategoriese imperatief herhaaldelik aan sy Brits-Amerikaanse bondgenote gerig word waarvolgens genoemde bondgenote sonder versuim 'n tweede front in Wes-Europa moet skep wat ongeveer 'n miljoen Duitse soldate van die Russiese front moet wegtrek.

Dit is baie opmerklik dat Stalin se kategoriese imperatief in die laaste tyd 'n prominente plek in Reuter se nuusberigte inneem en dat dit sonder uitsondering in verband met die Quebec-konferensie genoem word. Dit is ook veelseggend dat Stalin weereens in Quebec, soos op die baie ander Roosevelt-Churchill-konferensies van die verlede, nie slegs nie teenwoordig is nie maar selfs ook nie verteenwoordig word nie. Daar sal in die geskiedenis moeilik 'n voorbeeld gevind word waar 'n senior bondgenoot — en niemand kan betwis dat die Sowjet-Unie o[p] grond van sy geweldige aandeel a[an] die oorlog met reg aanspraak op d[ie] titel van senior bondgenoot kan ma[ak] nie — so konsekwent van gewigti[ge] oorlogskonferensies uitgesluit is. „Ui[t]gesluit" is die woord wat hier gebru[ik] word en die redes wat vir die in-di[e-]ooglopende Russiese afwesigheid aa[n]gevoer word, is te kinderagtig vir kom[]mentaar.

*Deur Prof. J. A. Wiid*

### Russiese Reaksies

Dit is nie die doel van hierdie kom[]mentaar om in te gaan op die moon[t]like en waarskynlike redes vir die a[f]wesigheid van die Russe in Queb[ec] nie. Liewers wil ek stil staan by enig[e] reaksies uit Moskou.

„Op geen tydstip sedert die beg[in] van die oorlog," berig Reuter se sp[e]siale korrespondent in Moskou verle[de] Vrydag, „was die gevoel hier so be[]slis as vandag oor die wenslikheid e[n] ook oor die gebiedende noodsaaklik[]heid en uitvoerbaarheid daarvan da[t] die Westerse bondgenote grootskaal[se] militêre operasies van stapel sal stu[ur] — operasies wat sal ooreenstem m[et] wat Rusland as 'n tweede front be[]skou."

Die nuwe ontmoeting tussen Church[]ill en Roosevelt, aldus die Reute[r] berig uit Moskou, het nou as 't wa[re] as 'n verrassing vir die Russiese p[u]bliek gekom en dit het nie nagelaa[t] om 'n sekere mate van vrees aan t[e] wakker nie, want — so word gevra — watter beginsel kan moontlik nog oo[r]bly (na die baie ander konferensies) om oor te besluit?

Volgens die tydskrif „Oorlog en di[e] Werkersklas," 'n soort van nie-ampte[]like orgaan van die Russiese departe[]ment van buitelandse sake, het di[e] vorige konferensies tussen Church[ill] en Roosevelt „nie 'n oplossing gebri[ng] vir die vernaamste kwessie met be[]trekking tot die verwesenliking va[n] die basiese verpligting van ons Brit[s-]Amerikaanse bondgenote in die oorl[og] teen die gemeenskaplike vyand nie — hulle het nie die organisasie tewee[g]gebring vir 'n tweede front in Europ[a] wat nodig is vir die oorwinning oo[r] Nazi-Duitsland nie."

'n Paar dae later is Litwinof as Ru[s]siese ambassadeur onthef van sy am[p]. Hierdie wisseling van Russiese amba[s]sadeurs in die V.S.A. terwyl die kon[]ferensie van Quebec nog aan die gan[g] is, het opskudding verwek. Die ty[d]stip wat vir die herroeping van Li[t]winof uitgekies is, word in Brits-Ame[]rikaanse kringe beskou as 'n Russie[se] poging om die belangrikheid van di[e] Quebec-konferensie te kleineer. Oo[k] meen waarnemers in Quebec dat di[e] herroeping van die Russiese ambass[a]deur „'n heldere aanduiding is da[t] Stalin se eis om 'n tweede front i[n] Wes-Europa nie sonder voorbehou[d] aanvaar is nie."

(Vervolg op bls. 4, kol 1)

## SAAMSTAAN, DIE JEUG !

Na aanleiding van die toespraak van die Waarnemende Hoofkommandant van die Stellenbosch Studente O.B.-kommando's wat elders in hierdie blad verskyn, wil ons, deur middel van ons blad weereens 'n oproep doen tot die jeug, want ons blad is 'n blad vir die jeug.

Waar hy die huidige posisie van die jeug so duidelik omlyn kan ons nie anders as om alles wat hy gesê het hartlik te onderskryf nie. Ons posisie is waarlik nie benydenswaardig nie. Dit is voorwaar nie te pessimisties gestel nie. Maar dis veral waar hy met die woorde kom — ons moet ons eie heil uitwerk — dat ons ons plig moet besef. Die jeug van Stellenbosch is va[n] die keur van die Afrikanerdom. A[s] sodanig is dit ons plig om ons min[]der bevoorregte jeuggenote, nie t[e] verstoot nie, maar te help, en te be[]skerm en te lei. Laat ons dan di[e] verantwoordelikheid aanvaar tot he[il] van ons volk. Laat ons afsien va[n] ons weelde om te voorsien in hul[le] gebrek!

Heeltemal te reg dan ook dat on[s] moet saamstaan. Ons moet ons ste[rk] maak teen die vyand. Nog vriend no[g] vyand kan ons keer. Ons marsje[er] voort.

Afrikanerjeug sluit aan!

**Rook Springbok-Sigarette**

## WETENSKAP EN WYSHEID

*G. F. S.*

### Wetenskap en Godsdiens

Ek besef dat ek my hier op gevaarlike grond begeef. Dit is egter 'n uiters belangrike onderwerp en ek wil net graag aantoon dat die wetenskap en godsdiens glad nie hoef te bots nie, maar mekaar moet aanvul—hulle is immers albei openbarings van God. In „Geschiedenis der Godsopenbaring" verklaar die groot Gereformeerde teoloog, Dr. F. Bakker: „Wij kunnen in het algemeen zeggen dat de feiten der natuurwetenschap niet in strijd kunnen zijn met de Schrift. Wij mogen de feiten niet loochenen, als ze voor ons besef in strijd zijn met de Schrift, want God spreek tot ons ook door de feiten."

Wanneer hierdie onderwerp histories beskou word dan lyk dit asof wetenskap en godsdiens skynbaar onversoenbare teenstanders is: dink aan die vervolging van Bruno en Galileo, die hewige antagonismes wat Darwin se evolusie-leer veroorsaak het, en die meganiese voorstelling van die heelal deur b.v. lord Kelvin (aan die end van die neëntiende eeu) wat geen rekening met 'n Godheid gehou het nie.

Vandag weet ons dat die heelal 'n komplekse samestelling van energie-golwe is (materie bestaan uit

(Vervolg op bls. 4, kol. 4)

## Fotografiese Tentoonstelling

Vanaf Maandag tot Saterdag sal daar weer die geleentheid wees om die werke wat vir die jaarlikse kompetisie van die Fotografiese Klub ingeskryf is, te sien.

Verder word daar ook 87 werke wat deur Afor (Amateur Fotograwe Organisasie van Reddingsdaadbond) vrygestel is vir tentoonstelling-doeleindes, uitgestal, asook die van 'n aantal oudlede van die Klub.

Vanjaar is die kompetisie nie alleen gehou tussen die klublede nie, maar ook tussen die gesamentlike werke van klub en oudklublede met die werke van Afor.

Die offisiële opening word op Maandagmiddag in die Carnegiesaal om 4 uur deur dr. Con de Villiers waargeneem.

Met die oog op die tentoonstelling hou mnr. G. van Zyl Hofmeyr (Alg. Org. v. Afor) 'n lesing oor „Fotografie as Kunsvorm." Die plek en tyd sal op die kennisgewingsborde bekend gemaak word.

## IN MEMORIAM. †

**„Die Matie" wens hiermee hulde te bring aan die nagedagtenis van twee hooggeagte volksmoeders, wat nou met die Universiteit verbonde was en wat ons volk in die afgelope week ontval is, tewete, wyle mev. dr. J. D. Kestell van Bloemfontein en wyle mev. C. M. Neethling van Stellenbosch.**

**Mev. Kestell was die oudste dogter van prof. N. J. Hofmeyer, een van die oprigters van die Viktoria-Kollege, en eggenote van die waardige volksvader dr. J. D. Kestell, wat by sy dood in 1941 nog Kanselier van ons Universiteit was. Sy het altyd 'n lewendige belangstelling in die Universiteit getoon en beide haar seun, dr. Nico Kestell van Johannesburg en haar dogter, mev. ds. D. P. Laurie van Greytown, is oud-studente van Stellenbosch.**

**Mev. C. M. Neethling was die eggenote van mnr. C. M. Neethling, wat sedert meer as 28 jaar reeds raadslid van die Universiteit van Stellenbosch is en wat ook jare lank burgemeester van Stellenbosch was. Saam met mnr. Neethling het sy baie dienste aan die Universiteit bewys en baie gasvryheid aan studente betoon. Ook haar seun, mnr. C. M. Neethling van Durbanville, en haar drie dogters is oud-studente van die Universiteit.**

**„Die Matie" betuig hiermee sy innige deelneming met die agterblywendes van hierdie twee waardige volksmoeders en dra hulle op aan die dankbare nagedagtenis van ons jongere geslag.**

## MUSIEKVERENIGING

*Sondagaand, 8.15*

„Opera is an exotic and irrational entertainment."—**Dr. Johnson.**

In die 18e eeu toe dr. Johnson die woorde gebesig het, kon dit met reg gewees het, want hy het goeie redes gehad. (Sien vorige uitgawe van *Die Matie*).

In die tweede helfte van die 19e eeu het Wagner en Verdi egter die opera ontwikkel tot 'n baie hoë standaard en erken almal vandag dat opera 'n belangrike plek het op die estetiese- en kunsgebied.

Dit was nou nie meer 'n kwessie van mooi melodië komponeer vir mooi stemme om aristokrate te kan behaag nie, maar dramaties en sielkundig het dit baie meer intens en waar geword. Die tegniek van orkestrasie het geweldig toegeneem. Die teks het net so belangrik geword as die sang self.

Die komponiste het hulle nie meer gebonde gehou aan ou vorms nie, maar met nuwe idees gekom en met groot sukses. Hulle het byvoorbeeld afgesien van die idee dat 'n opera net uit mooi melodië moet bestaan. *Sprechgesang* het die plek van vloeiende melodieuse sang ingeneem.

Die sangers(esse) moes nou meer die stem gebruik om „voor te dra" saam met musiek. Gevoelens en ondervindinge moes weergegee word saam met musiek, soos 'n mens dit in die gewone spreektaal sou weergee.

Die program sal interessante voorbeelde gee uit operas van Verdi, Leoncavallo, Mascagni, ens.

*J. Steyn.*

## Onder Onsies

Prof. C. S. Edgar wat sedert 1903 professor in die klassieke tale was, tree as sodanig aan die einde van die jaar af.

* * *

Oud-Maties Frank Bekker en Cilia Roux is verlede week in Kimberley getroud. Hulle sal gedurende hulle wittebroodsdae 'n besoek aan Stellenbosch aflê.

* * *

Verlede week het 'n hele paar Maties met welslae in die Kaapse-kunswedstryd presteer. Veral mejj. Anna Immelman en Emsie v. d. Westhuizen in die sang-afdeling, en Annette Brink, Milla Louw, Bettie Gericke en Noëlle Grobbelaar in die voordrag-afdeling.

## SENAATSBESLUITE

By die onlangse senaatsitting is dr. Straszacker aangestel as professor in die fakulteit werktuigkundige ingenieurswese, terwyl mnr. A. J. A. Roux, eers van Wits, tot senior lektor in dieselfde fakulteit benoem is

* * *

Dit is bekend gemaak dat die Vleisraad 'n donasie van £1,200 gegee het aan die Departement van Veeteelt vir navorsing i.v.m. vleis. 'n Skema is reeds ontwerp vir die oprig van 'n laboratorium te Elsenburg vir die ontleding van vleis.

*WEET U ?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

**Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.**

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

INSPAN!

*Waar gaan dit?*

Ons gaan Koffie en Pannekoek geniet in

DIE UITSPAN

*Belangrike Boeke*

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. 6/6 p.v.
**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. 6/6 p.v.
**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam 6/6 p.v.
**Skandinawiese Vertellinge** .. 4/6 p.v.
**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar 6/6 p.v.
**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. .. 1/6 p.v.
**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. .. 5/6 p.v.

**Stuur u bestelling aan**
**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Die Laan — Stellenbosch**

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE

KWV

DRUIWESAP

*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

Musiekfees in C.S.V.-Saal

Vorentoe-Orkes se eerste besoek

**Wat deur Jan Swart, komponis van die beroemde „Ossewa", beskryf word as**

**„Die beste Boere-orkes in Suid-Afrika"**

**sal e.k. Vrydag en Saterdagaand in die plaaslike C.S.V.-Saal optree.**

Onder leiding van Francis Meyer bied hierdie Radio-orkes 'n veelbelowende program aan wat sal bestaan uit uitgesoekte musieknommers uit die jongste werke van ons Afrikaanse komponiste.

Die beroemde baratoon Harold Hart tree saam met die orkes op. Aleks Gettler, Virtuoos op die Hawaiïse Kitaar, sal op sy unieke wyse spesiale nommers lewer.

**'n Mens se mond water inderdaad aan die gedagte van die vrolike musiekfees wat voorlê en daar word nie aan getwyfel nie dat die Vorentoe-orkes voor 'n stampvol saal gaan optree nie.**

HALDENWANG

HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.

(Foon 135)

AVBOB

116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Rook Springbok-Sigarette

## DIE OORLOG

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

**Word Moskou Weer Gepaai?**

Hoewel die besluite van die Quebec-konferensie nog nie bekend is nie en ook nie gou bekend gemaak sal word nie, lyk dit of die twee westerse bondgenote hul Russiese bondgenoot 'n bietjie gerus wil stel. Daar word in Londen verneem dat ,,Geallieerde bevelhebbers vir etlike offensiewe in Europa'' deur Roosevelt en Churchill aangestel is. Daar sal ,,met sekerheid voldoen word aan maarskalk Stalin se herhaalde eise om 'n tweede front'': Ook berig United Press uit Quebec ,,dat dringende stappe gedoen word om die lente-veldtog met die operasies van die Russe te koördineer.'' 'n Lente-veldtog beteken 'n uitstel van 'n tweede front vir nog sewe of agt maande. Dit is juis wat Moskou nie wil hê nie. Volgens Reuter is die ,,langer oorlog''-strategie van Londen en Washington iets ,,wat die Russe teen elke prys wil vermy en hulle beskou dit as onversoenlik met die verpligtings van Brittanje en die Verenigde State as bondgenote''.

Maar waarom sou die Russe 'n ,,langer oorlog-strategie teen elke prys wil vermy''? Vir die Sowjet-Unie met sy onmeetlike ruimtes én sy onuitputlike hulpbronne behoort 'n ,,langer-oorlog''-strategie juis goed te pas. Is die sorge van die Bolsjewiste miskien groter as algemeen bekend is? Is dit miskien moontlik dat hulle suksesvolle somer-offensief nie heeltemal volgens plan vorder nie? Of is dit maar net gemene agterdog teenoor bondgenote wat vir Stalin wysmaak dat Amerikaners en Britte graag 'n uitgeputte Rusland en Duitsland wil sien sodat Washington en Londen dan die hoogste woord kan voer?

## AFRIKANERJEUG

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

begin indien dit nog nie aangeknoop is nie. Dit moet 'n stryd wees teen die magte van die imperialisme, die kapitalisme, die *liberalisme*. Dit moet 'n opbouende stryd wees in diens van ons volk, 'n stryd om ons volk te bevry van daardie vreemde magte wat in die verlede steeds neerdrukkend was.

„Generaal Hertzog het kort voor sy heengaan 'n betekenisvolle voorspelling gedoen. Hy het gesê dat in die komende gesagstaat elkeen sy of haar plek sal vind, nie volgens geld of familie nie, dog volgens sy of haar diensvaardigheid. Hoe hoër die volksgenoot se diensvaardigheid, hoe hoër die sport in die leer wat hy bereik en beklee. En die hele bedoeling van nasionale diensplig is om by elke individu sy algemene diensvaardigheid, benewens sy persoonlike talente te verhoog en om hom in die volksliggaam in te orden en te voeg, het die Kommandant-Generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, by geleentheid van die A.N.S.-kongres onlangs op Potchefstroom gesê in sy toespraak oor diensplig." („Die O.B.," 18 deser).

Reeds leef die A.N.S. en O.B. die idee van diens en stryd uit.

Daarin moet die krag van die jeug lê: *Diens* — diens vir selfbehoud, maar ook diens terwille van die Afrikanerdom as geheel. Ons mag die stryd nie gewonne gee nie! Ons mag ons volksverlede nie verloën nie! Ons moet VEG! en DIEN! en SAAMSTAAN! Saam teen die IMPERIALISME! Saam teen die KAPITALISME! en LIBERALISME!

## U.K.O.V.S. IN GEVAAR

(Vervolg van bls. 1, kol. 2)

sy morele steun aan die Afrikaners op U.K.O.V.S. toegesê.

Die hoofbestuur van die Vrystaatse Onderwysersvereniging het ook nie op hom laat wag nie en 'n besluit geneem waarin hulle daarop aandring dat die samewerking tussen die Normaalkollege en die U.K.O.V.S. beëindig word tot tyd en wyl die besluit wat 'n „kortsigtige, onbillike en destruktiewe beleidsverklarings is," gestaak word.

Dit is nie nodig om nog aan die A.N.S. te vra waar hy in hierdie stryd staan nie. Reeds in 1940 het hy in sy Vryheidsmanifes die volgende artikels opgeneem:

Art. 14. „Afrikaans sal geld as amptelike landstaal en Engels sal sy volle regte geniet as tweede taal."

Art. 15. „Binne 'n Christelik-Nasionale opvoedingstelsel sal die onderwys deeglik aangepas word by die behoeftes van ons bedryfslewe deur die daarstelling van tegniese en vakkundige sowel as doeltreffende akademiese opleidingsfasiliteite."

Waar die Afrikanervolk as organies-nasionale verband 'n taalverband vorm wat hom in die vervulling van sy roeping ook as taaleenheid saamsnoer, sê die A.N.S. die stryd aan saam met ander Afrikaner organisasies, vir die verkryging en handhawing van 'n Christelik Nasionale onderwys op U.K.O.V.S.

Alleen as die Afrikanerstudentewese die geledere sluit binne die A.N.S. as organiese jeug met 'n uitgesproke Afrikaanse rigting kan effektiewe optrede teen die verkragting van ons moedertaal-onderwys gewaarborg word.

Aangesien die S.V.R. deur die in-die-ban-doening van die A.N.S. en die handhawing van 'n beginsel van „politieke neutraliteit" op die Volksuniversiteit besluit het om die universiteit van sy „politieke optrede" te weerhou, kan ons miskien hierin 'n verklaring vind vir die rede waarom daar deur die studenteunie onder leiding van die S.V.R. geen poging aangewend is om stelling in te neem teen die verengelsingsproses en vir die positiewe Afrikaanse strewe nie.

**Die suiwer en positiewe rigting van die A.N.S. het geword die rigting van U.S. en in dié sin sal U.S. sy steun aan U.K.O.V.S. gee deur middel van die A.N.S. wat die enigste kragkern in ons studentelewe geword het. Net soos in die verlede gee die A.N.S. weereens leiding aan die Universiteit van Stellenbosch.**

## WETENSKAP EN WYSHEID

(Vervolg van bls. 3, kol. 1)

atome, wat weer uit elektrone en protone bestaan en laasgenoemde twee se eienskappe word beste verduidelik as ons aanneem dat hul golwe is — sien b.v. „Mysterious Universe"—Sir. J. Jeans). Die heelal is vandag 'n matematiese, 'n abstrakte i.p.v. 'n konkrete, meganiese konsep. (Jeans vergelyk die heelal met 'n „gedagte"). Hierdie feit het die wetenskap weggelei van vorige meganiese filosofie, sodat elke waardige wetenskaplike vandag 'n God, 'n Skepper erken (die energie-golwe waaruit die heelal bestaan, moes 'n oorsprong gehad het. M.a.w. die heelal moes geskep gewees het).

Die idee dat groot wetenskaplikes ateïste of agnostieke is, is ver van die waarheid. Skrywer het dr. H. Shapley, seker V.S.A. se grootste sterrekundige, hoor beweer dat hy geen groot wetenskaplike, wat nie in God glo nie, ken nie! Einstein (seker die grootste wetenskaplike naas die innige Christen, Newton) verklaar in sy boek: „The World as I see it": „U sal skaars een onder die meer diepsinnige wetenskaplike gees sonder 'n besonder godsdienstige gevoel van sy eie vind.... Sy godsdienstige gevoel neem die vorm aan van 'n verrukkende verwondering oor die harmonie van die natuurwette, wat 'n intellek van so 'n superioriteit openbaar dat, vergeleke daarmee, al die sistematiese denke en aksies van die menslike wese, 'n uiters onbeduidende oorweging is.... As ons die christelike leer suiwer van latere byvoegsels, veral van die Roomse priesters, het ons 'n leerstelling wat in staat is om al die sosiale siektes van die mensdom te genees." (Die feit dat alle ware wetenskaplikes 'n God aanvaar, bring dit nie noodwendig mee dat hul almal persoonlik die christelike geloof aanneem nie).

**SLUIT AAN BY A.N.S.**

***KOOP „DIE MATIE"***




AFRIKANERSAKE gaan van krag tot krag. Die jongste volksprestasie is dié van Excelsior Meubels, wat vinnig die mark verower met meubels vervaardig deur Afrikaners, bemark deur en vir die gebruik van Afrikaners.

DRA u deel by in hierdie grootste strewe na selfstandigheid in die meubelwêreld. Koop u meubels by Excelsior en deel in die winste deur self 'n aandeelhouer te word. Excelsior Meubels besit reeds twee Fabrieke en vier takwinkels onder dié naam in Johannesburg, Pretoria, Germiston en Bloemfontein asook Goodwood Meubileerders (Edms.) Bpk. van Pretoria en L. D. Phillips (Edms.) Bpk. van Kaapstad wat onder hul name voortbestaan.

'n Kunsbrosjure sal gratis aan u gestuur word indien u meer wil weet van ons prestasies, doel en dienste.

Die Sekretaris,

Posbus 6670 JOHANNESBURG Spoorbondkasgebou

Stuur u brosjure aan: M.............................................

.............................................

.............................................

**KONSERT**

Onder Beskerming van A.N.S.

ten behoewe van

**Langenhoven Gedenksaal-Fonds**

KAAPSE STADSORKES

onder die stok van

Dr. William J. Pickerell

•

*Solis:-*

*K. Halvorsen*

STADSAAL

Vrydag, 17 Sept. 1943

*Maties !*

**Die Victoria Kafee**

*Vir*

- Vars Vrugte
- Smaaklike Lekkers
- Vriendelike Bediening

Mnr. DU PLESSIS

**Onthou Die Biljart Salon**

*DIE WEEK SE VERRASSING:*

**HAAROLIE** Brylcream, Yardleys, Bon Fixa, La Pebras, O'Shana, Ens.

**LEMMETJIES** Shick Injectors (Pakkies van 12 en 20), 7 O'clock, Minora, Minora de Luxe, Gillette en Valet, Wardonia.

**SAKDOEKE** Pyramid, Cepea, Westminster, ook ander 1/- elk.

**GRYS BROEKE 22 Duim** onder om die pype. Prys 32/8.

***Vrydag 2.30 Namiddag en 10 uur Saterdag Oggend.***

**GEBROEDERS DE WET (Eienaars) BEPERK**

Foon 20. Birdstraat, Stellenbosch. Posbus 21.